Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 1 Maart 1950 Prys 3d. No. 15

# O.B. Sal Hand Reik Op Egte Republikeinse Pad

**Onderstaande verklaring is deur die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg uitgereik na aanleiding van dr. Malan se Paarlse uitlating oor die republiek:**

Luidens die pers het die Eerste Minister te Paarl weer die republikeinse gedagte aangeroer. Hy meen dat deur die blote verandering van die titel van die Goewerneur-generaal en daardeur dat daardie posbekleder nie deur die regering benoem maar wel deur die volk verkies word, die Unie in 'n Republiek sal omskep.

**Die Ossewabrandwag, as republikeinse Beweging, hou wel ander en meer verreikende beskouings oor die oorskakeling na 'n republiek . . . die beskouings wat in 1941 die grondslag van die Afrikanereenheid gevorm het en wat die eenpariglike steun van die O.B., die F.A.K., die R.D.B. en ook die vier provinsiale afdelings van die H.N.P. ontvang het. Ons staan nog by daardie doelwitte wat ons, saam met dr. Malan, in 1941 onderteken het.**

Maar tegelykertyd besef ons terdeë dat punte van kontak en nie punte van verskil nie gesoek moet word, en in daardie gees verwelkom die Ossewabrandwag die feit dat die Eerste Minister die strewe na 'n Suid-Afrikaanse Republiek as allesins moontlik en prakties beskou.

**Indien dit die erns van dr. Malan (of van sy volgelinge) is om die republikeinse pad, soos in 1941 helder aangedui, te bewandel, kan hulle by voorbaat verseker wees dat die Ossewabrandwag die vriendskaphand sal uitsteek.**

# VRYHEIDSVLAM BRAND WEER OP HEUWELTOPPE

**Maandagaand, 27 Februarie, het die simboliese Vryheidsvlam van die Ossewabrandwag dwarsdeur die land om nege-uur opgeflikker en sy boodskap vanaf die heuweltoppe aan Suid-Afrika gebring dat die vryheidsgees nog nie geblus is nie. Kaapstad se vlam is op Tierberg aangesteek, terwyl die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, persoonlik aanwesig was op die historiese berg Amajuba.**

**Etlike Kommando's het hul feestelike funksies reeds Saterdagaand gehou, maar Maandagaand is die vlam opnuut aangesteek.**

Die kommando's van Kaapstad, Bellville, Malmesbury, Paarl en Stellenbosch het hul Vryheidsdag op Saterdag, 25 Februarie, gehou te Hardekraaltjie, Bellville.

Vanaf ses-uur die middag het 'n groot plaat motorkarre saamgetrek. Verversings is bedien deur die plaaslike kommando's.

Om agt-uur het die verrigtige begin deur 'n vlaghysingsseremonie en genl. G. Retief het geopen met gebed. Dwarsdeur die verrigtinge het die O.B.-orkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel opgetree en luister verskaf.

Nadat die plaaslike generaal

(vervolg in kol. 5)

(vervolg van kol. 1)

die groot aantal teenwoordigers welkom geheet het, het gebiedsgeneraal dr. F. D. du T. van Zyl sy rede gelewer wat telkemaal onderbreek is met toejuiging.

Die eintlike Vryheidsdagseremonie is ingelei deur 'n pragtige voordrag van Matie Swart, wat uittreksels uit gedigte voorgedra het onder die hoof „Die Stem van Suid-Afrika."

Die Boerejeug het met fakkels na vore gekom onder die sing van die „Lied van Jong Suid-Afrika" en het 'n erewag gevorm na die brandstapel.

Genl. Van Zyl het 'n fakkel geneem en onder begeleiding van die Boerejeug die brandstapel aangesteek. Die Boerejeug het 'n kring om die vuur gevorm terwyl die aanwesiges onder leiding van genl. Van Zyl hul hout op die vuur gegooi het en hulle bydrae in die kissie geplaas het. Die opbrengs was £57.

Onmiddellik na die aansteek van die vuur, was daar 'n doodse stilte van twee minute wat beëindig is deur 'n dromslag en die Majuba-refrein op 'n trompet uitgevoer. Daarna is die Vryheidsdaggelofte hernu onder leiding van genl. De Villiers Truter.

Na die sing van die Stem van Suid-Afrika is die aanwesiges weer uiteen.

Dit was 'n aangename funksie wat almal wat teenwoordig was, opnuut besiel het.

## Britse Verkiesing 'n Fiasko

**Die Britse verkiesing verlede week het op 'n fiasko uitgeloop, daar die Arbeidersparty die onmoontlike meerderheidjie van slegs ses het, met drie uitslae by ons ter perse gaan, nog nie bekend nie.**

**Uit 'n totaal van 625 het die Arbeiders 315, die Konserwatiewes 295, Liberale 8, Ierse Nationaliste 2.**

**Kyk ook op bladsy ses.**

## ONEWEREDIGE INDELING VAN SITPLEKKE

'n Plattelandse besoeker aan die parlement kla in Die Burger oor die tekort aan sitplekke vir die „volk daarbuite" op die galery. Hy en sy eggenote moes op die vloer gaan sit het, langs 'n ou dame van sowat sestig jaar. „Wat 'n tragiese skande!" roep hy uit.

**Die briefskrywer se verontwaardiging is moontlik aangehelp toe hy van af die vloer waarop hy gesit het, met lede oë afgekyk het na die baie leë plekke daar onder binne die „Huis."**

# DIE REPUBLIEK IS ONS ERNS

## Dr. Van Zyl Belowe Steun Vir Opregte Poging

**„Die Republiek is die hoogste strewe van die Ossewabrandwag. Anders as by die politieke partye is dit nie 'n saak waarvoor propaganda gemaak word alleen gedurende opposisie nie. Dit is deel van ons bestaan en nie slegs 'n instrument wat gebruik word om die volksgevoel in tye van teëspoed op te sweep, om dan weer in tye van voorspoed doodgeswyg te word nie," het gebiedsgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl verlede Saterdag op Bellville by geleentheid van Vryheidsdagviering gesê. Hy het as volg gepraat:**

27 Februarie 1881, Majubadag, 'n dag van oorwinning van die Republikeinse wapen is deur die O.B. verhef tot Vryheidsdag, 'n dag waarop ons in die O.B. geroep word om opnuut en gesamentlik trou te sweer aan ons grootste volksdrang — Ons Republiek.

Ons doen dit jaar na jaar omdat ons glo in daardie hoogste vorm van volksvryheid en om ons opnuut te versterk in ons volkstrewe, om aan vriend en vyand te toon dat die saak ons erns is.

Die fees vanaand het vir ons in die O.B. ook 'n verdere betekenis. **Dit is 'n demonstrasie van ons vasberadenheid om die stryd wat ons begin het voort te sit. Ons is die vrug van die volk se ontwaking van 1938. Toe die volk tot die besef gekom het dat sy grootste swakheid in verdeeldheid lê.** Die wekroep van die O.B. was: Verenig u rondom die Republikeinse Vaandel!

### ONVOORWAARDELIKE AANBOD

Vanaf Majuba en vanaf elke heuweltop waar die Republikeinse vlam vanaand aangesteek is, wil ons daardie wekroep herhaal. Hier kan die Afrikanerdom meer dan op enige ander terrein 'n verenigde front toon. **Met die meeste openhartigheid wil ons dan ook ons steun toesê aan enige opregte poging tot die verwesenliking van hierdie Afrikaner ideaal. Hierdie aanbod van die O.B. word sonder enige voorbehoud gemaak.**

In die jaar wat verby is, het die O.B. doelbewus op die agtergrond getree. Deur sommige was dit beskou as beleidloosheid, deur ander as défaitisme. **Ons het dit gedoen omdat sekere kragte aan die werk was om groter Afrikaner eenheid en samewerking te verkry.** Dis nie my voorneme om in te gaan op die sukses, al dan nie, van hierdie pogings nie.

### DIE IDEAAL

Wat ek egter wil beklemtoon is dat ten opsigte van die Republiek die O.B. nog nooit beleidloos was nie. Hy is bereid om daarvoor te lewe en desnoods te sterwe. Ons het juis die teleurstelling moes deurmaak dat 'n sekere persorgaan waarin fondse van die O.B.-persmaatskappy (Perskor) belê is, nie beweeg kon word om uiting te gee aan die republikeinse strewe van die O.B. nie. Tot ons skade moes ons besluit om ons belange in dié pers te verkoop. U sal eersdaags meer inligting hieroor ontvang.

Ek noem dit hier net om aan te toon dat die Republiek die hoogste strewe van die O.B. is. Anders as by politieke partye is dit nie 'n saak waarvoor propaganda gemaak word alleen gedurende tye van opposisie nie. **Dit is deel van ons bestaan en nie slegs 'n instrument wat gebruik word om die volksgevoel te prikkel nie. Vir die bestaan van die Afrikanervolk is dit 'n lewensnoodsaaklikheid. Sy voortbestaan is daarmee gemoeid.** Dis nie iets waaroor die volksgevoel in tye van teëspoed opgesweep mag word om dan weer in tye van voorspoed dood geswyg te word nie. **Dis belaglik dat die Republiek in 1942 iets is waarvoor die volk opgeroep word om te veg en in 1950 iets waaroor mens net mag fluister.**

### ALTYD UITGESTEL

Watter reg het ons om onsself oor hierdie heilige saak van die Afrikanerdom so om die bos te lei? As die Afrikaner op partypolitieke gebied in die agterstand is dan word hy bestook met die republiek. So gou hy aan die wen-kant is, word die republiek verdring deur ander sake wat skielik meer belangrik geword het. Telkemale word die republiek uitgestel soos mens 'n onaangename besoek uitstel. Ons volk loop gevaar dat die republiek naderhand heeltemal afgestel word.

### O.B. SE TAAK

Dis die besondere taak van die O.B. om in 1950 te stry vir die verwesenliking van ons Republiek. In die oorlogsjare is die vraag dikwels aan ons gestel „maar hoe wil julle die Republiek verkry?" Dis nou weer ons beurt om te vra. Aan ons is gesê die Republiek moet ver kry word langs die Ierse weg. **Die geleentheid is daar, waarom nie tans gebruik maak van die**

(vervolg op bld. 6 kol. 1)

## Verkiesing Kos Publiek £5 milj.

**Die partypolitieke verkiesing in Engeland wat uitgeloop het op 'n „krisis" het die Britse volk 'n aansienlike bedraggie gekos — afgesien van wat die krisis hom gaan kos. Die koste van staatsweë beloop nagenoeg £3¾ miljoen, en sluit onder meer in die druk van stembriefies, waaraan daar 'n tekort in vier kiesafdelings was.**

**Dit sluit egter nie in die kostes wat kandidate in hul stryd op die lyf geloop het nie—'n bedrag wat deur die pers op ruim £4 miljoen gestel word. Hierby moet nog kom die verlore deposito's van 450 kandidate wat nie een-agste van die uitgebragte stemme in 'n kiesafdeling ontvang het nie—'n gesamentlike verlies van £67,500. Laasgenoemde word grotendeels deur 'n versekeringsmaatskappy gedra, maar die verkiesingskoste van £4,000,000 word per slot van rekening ook deur die Britse publiek gedra—ten minste daardie deel wat lid van die een of ander party is.**

**Aangesien die verkiesing op 'n mislukking uitgeloop het omdat die vereiste „opposisie" 'n bietjie sterker is as wat die resep voorskryf, beteken dit dat die Britte die koste binne enkele maande weer oor sal hê.**

**Die Britse „game of politics" is nie 'n baie goedkoop spel nie, maar gelukkig vir die beroepspelers daarvan het hulle net te wen daarby terwyl die publiek in alle gevalle instaan vir die verlies. Geen wonder nie dat 450 wat geen die minste vooruitsigte gehad het nie, nogtans „hul geluk probeer het!"**

# SO 'N KRISIS NIE IN REPUBLIEK MOONTLIK

**Die Britse pers praat van die „politieke krisis" wat in Brittanje ontstaan het weens die feit dat die party wat die verkiesing gewen het, so 'n skrale meerderheid het dat hy nouliks in staat sal wees om te regeer.**

**So 'n „krisis" het byna ook in ons land in 1948 ontstaan en 'n paar jaar gelede ook in Suid-Rhodesië. Dit is eie aan die Britse parlementêre stelsel wat vereis dat net 'n geslote, georganiseerde deel van die volk op 'n keer moet regeer. Die res van die volk verkeer dan „in die woestyn".**

**In die Boere-republieke was so 'n krisis ondenkbaar omdat die Boere uitgegaan het van die standpunt dat die HELE volk en nie net 'n deeltjie nie, verantwoordelik moet wees vir die landsbestuur. Daar was in Transvaal geen sprake van 'n „klein" of „groot" meerderheid vir die regering nie, want die HELE volksraad was saam met die uitvoerende komitee regering. Daar was geen regering BINNE die volksraad wat verslaan kon word nie, want die HELE volksraad was die volk se regering en hy kon óf 'n wet aanneem óf dit verwerp sonder dat daar 'n „krisis" ontstaan.**

**Dit is hierdie stelsel van regering wat die Ossewabrandwag weer wil invoer, aangepas by moderne vereistes—waarmee bedoel word dat daar voorsiening gemaak moet word vir groter deskundigheid in die regering, onder andere deur die instelling van beroepsverteenwoordiging naas volksverteenwoordiging en die samestelling van 'n „kabinet" uit ander soort deskundiges as net beroepspolitici.**

DIE O.B., WOENSDAG, 1 MAART 1950

# GEEN NAMAAKSEL!

In sy Paarlse toespraak het dr. Malan hom as volg oor die totstandbrenging van 'n republiek uitgelaat:

„As Suid-Afrika 'n republiek wil word, is **nog net die een stap** nodig en dit is om te doen wat genl. Hertzog aan die hand gegee het . . . As daardie dag kom, sal ons nie alleen vry en onafhanklik wees nie, maar sal ons 'n gelukkige en verenigde volk wees — Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes saam."

Die stap waarna dr. Malan verwys — en wat hy as Hertzog-beleid voorhou — **is dat die goewerneur-generaal deur die volk gekies word in plaas van deur die kabinet, en dat hy president genoem word. So 'n stap hou dr. Malan voor as die laaste stap na volkome vryheid en onafhanklikheid.**

Aangesien dit wil voorkom of dr. Malan hierdie keer iets meer in die skild voer as 'n blote propaganda-oogmerk, is dit baie nodig dat die volk helderheid kry oor wat dr. Malan presies beoog en wat die gevolge van so 'n stap gaan wees. Soos die verklaring van dr. Van Rensburg beklemtoon, sal die Ossewabrandwag sy volle steun gee aan enige republikeinse optrede van die regering as dit op 'n suiwere grondslag geskied. Maar aan die anderkant is dit die plig van die republikeinse Volksbeweging om die volk te waarsku teen namaaksels wat die ware vryheidstrewe kan bedreig.

Dr. Malan se standpunt sedert sy besoek aan Londen is bekend vir diegene wat sy toespraak in die parlement gehoor of gelees het — hoewel 'n groot deel van sy volgelinge nie so 'n volledig en uitgesproke weergawe daarvan in hul koerante gevind het nie. Maar volgens Hansard het dr. Malan baie uitdruklik verklaar dat wat in Londen ten opsigte van Indië gedoen is, **„is nie tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en in sy mag . . ."** En hy het daaraan toegevoeg dat **„ons graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly, om redes wat ek genoem het."**

Etlike maande ná hierdie toespraak het sy lyforgaan, Die Burger, in 'n hoofartikel beklemtoon dat Suid-Afrika lid van die Statebond is „omdat hy dit in sy belang ag".

### BRITSE KONNEKSIE BLY

**Met ander woorde daar is by dr. Malan tans geen sprake meer van „verbreking van die Britse konneksie" nie. Ons wil by die Statebond bly omdat ons dit in ons belang ag, en die verste wat ons bereid is om te gaan, is om die pad van Indië te volg en vir ons ook 'n president te kies en ons dominium 'n republiek te noem — 'n republiek binne die Empire waarvan die Britse koning nog steeds die „hoof" en simbool is.**

Die gevolge van so 'n stap is 'n paar weke gelede deur die Londense Times opgesom:

„Dit het die lug gesu'wer en 'n merkbare verbetering in Brits-Indiese betrekkinge teweeggebring . . . **Die Brit vind dat hy vandag met die Indiër kan handel dryf in 'n gees van openhartigheid, wat 'n verkwikkende verandering is van die agterdog wat so algemeen was in die dae van die Britse bestuur."**

Met ander woorde, die naamsverandering van die Indiese dominium het die Britse handelsbelange ten goede gekom omdat die Indiërs nou minder vyandig gesind teenoor die Britse uitbuiting is. **En wat wil die Britse imperialisme meer as Britse handelsbelange bevorder? Dit was trouens juis die Britse handelsbelange wat die Londense konferensie wou beskerm het toe daar gevrees is dat Indië die Statebond sou verlaat. Dienaangaande het dr. Malan in die parlement verklaar:**

„ . . . . en Indië se goeie wil verloor kan, beteken, **veral op handelsgebied**, rakende veral sekere lede van die Statebond **en Brittanje nie die minste nie,** moontliklik groot skade."

### KOOP VOLK SE VERSET

**In kort kom dit daarop neer dat Londen die Indiese verset teen Britse uitbuiting gekoop het met 'n sogenaamde republiek.** Dit is in ooreenstemming met die resep wat die Britse imperialisme vir die afgelope halwe eeu al volg, en wat in 1934 deur Stanley Baldwin bepleit is toe hy groter vryheid aan Indië voorgestel het:

**„Dit is my eerlike oortuiging dat u by magte is om Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red. Ek verklaar met nadruk dat ek vas oortuig is dat, as u Indië nie hierdie geleentheid gun nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor."**

Indië het vandag daardie „groter vryheid" — word selfs 'n republiek genoem, **maar hy is vir die Empire gered.**

Om in die ge'val van Suid-Afrika ook met skynvryhede te kom wat juis deur die Britse imperialisme uitgestrooi word as kaf waarmee liggelowige dominiale voëltjies gevang kan word, is 'n uiters gevaarlike speletjie waaraan geen Afrikaanse staatsman mag deelneem nie. **Ons het in ons eie geskiedenis gemerk hoe die vryheidstrewe elke maal gewond is nadat die een of ander „verhoogde status" aan die Unie toegeken is. Genl. Botha en Smuts het met 'n sterk republikeinse aanhang na 1907 in die „Britse vryheid" berus en hewige teenstanders van die republikeinse rigting geword. Na 1926 het die oorgeblewe republikeine weer**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)
**swaar afgeskilfer toe 'n groot aantal gemeen het dat alles nou bereik is, en niemand minder nie as dr. Malan self het Brittanje toe besing as „die moeder van ons vryheid."** Die Eerste Minister het tewens self verlede Mei in die Parlement in sy toespraak oor Indië en die Londense konferensie erken dat die losmaking van uitwendige bande beslaglegging op die gees van die onderhorige volke teweeggebring het. Woordeliks het hy verklaar:

**„As die bande wat bind, losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees." (Hansard kol. 5683).**

Om dus die goewerneur-generaal se naam te gaan verander na president en hom deur die volk te laat aanwys in plaas van deur die kabinet, sal 'n geniepsige slag vir die vryheidstrewe van die Afrikanerdom wees. **Hoeveel huidige republikeine gaan nie dan die vryheidstryd opgee netsoos die Smutsvolgelinge dit in 1907 en die Nasionale Party in 1926 gedoen het nie? En nie net die stryd opgee nie, maar die vryheidstryders beveg as rebelle wat die ware vryheid van die Unie saboteer en minag?**

### VOLKSBEDROG

Om die goewerneur-generaal se naam te verander na president, terwyl die Britse konneksie nog steeds gehandhaaf word en daar nie eens 'n Suid-Afrikaanse regeringstelsel in die plek van die Britse partystelsel ingevoer word nie, sal op niks anders as 'n kolossale stuk volksbedrog neerkom nie — hoe goed ookal bedoel.

**Daarom wil ons pleit by dr. Malan om nie hierdie Britse hoek na sy eie volk uit te werp nie. Moenie aan die volk 'n skerpioen gee as hulle om 'n eier vra nie. As dit dan op die huidige stadium onmoontlik is om die Britse konneksie te verbreek, begin dan liewer met 'n hervorming van die regeringstelsel — nie deur naamsveranderinge wat miskien ook kan insluit dat die „Speaker" „Voorsitter" word nie — maar deur 'n wesenlike vervanging van die Britse parlementêre stelsel deur 'n eie Suid-Afrikaanse regeringstelsel. So 'n stap sal die regering die heelhartige steun van die Ossewabrandwag besorg, selfs al geskied dit nog met handhawing van die Britse konneksie.**

## *Brief Aan My Partyvriend:*

# BANDE VAN DIE EMPIRE NIE NET SIMBOLIES

Geagte Vriend,

Ek wou hierdie keer hoofsaaklik stilstaan by die kwessie van die Indiër-bedreiging binne die Britse Statebond, maar jy skryf intussen aan my of ons dan nie reeds so vry is as wat moontlik is, veral na die aanname van die burgerskapswet en die afskaffing van appèl na die Geheime Raad nie. Ons is mos nou nie meer Britse onderdane nie, maar Suid-Afrikaanse onderdane en ons assosiasie met die Statebond is 'n vrywillige wat te eniger tyd opgesê kan word.

Wel, oor hierdie saak kan mens nogal baie lank redeneer, maar ek wil probeer so kort as moontlik wees. Dit is waar dat ons so pas 'n wet gekry het waarkragtens ons beskou word as Suid-Afrikaanse burgers alleen. **Maar dit is net so waar dat die Britse koning nog ons koning is—jou jongste inkomstebelasting-aanslag het nog op die koevert gemeld: „In Diens van Sy Majesteit." Met ander woorde, jy is 'n Suid-Afrikaanse burger in diens van sy Majesteit! En het jy miskien hierdie koning gekies? Op grond waarvan is hy jou koning? Omdat jy jou vrywillig tot sy Suid-Afrikaanse onderdaan verklaar het?** Nee, my vriend, ek en jy is Suid-Afrikaanse onderdane van die Britse koning op grond van verowering—'n verowering wat meegebring het dat ons eie stelsels, veral ons regeringstelsel, vervang is deur Britse instellinge, **as gevolg waarvan ons so vervleg geraak het in die Britse ekonomiese en politieke lewe dat ons vandag nie meer die moed het om uit te stap nie, dog allerlei verskonings soek waarom dit dan vir ons beter sou wees om „vrywillig" te bly waar ons is.**

### VLERKE GEKNIP

Dit gaan met ons soos met die wildemakou wat jy in die vlei gevang het. Nadat jy sy vlerkpenne afgeknip het, het jy hom op jou werf gelos en aan jou vriende gesê dat dit die voël heeltemal vry staan om weg te vlieg as hy wil. Laat ek jou net 'n voorbeeld aanhaal van hoe hierdie stelsels, veral die staatstelsel ons vlerke kort hou. Australië het in 1948—nog voor die Unie—sy burgerskapswet aangeneem, en die woord „Britse onderdaan" is ooreenkomstig die nuwe opvatting van burgerskap op Australiese paspoorte geskrap. **Maar Australië het ook 'n Britse regeringstelsel, en pas was daar 'n nuwe regering aan bewind, of die werkinge van die wet word weer ongedaan gemaak. Die woord „Britse onderdaan" sal vir die volgende paar jaar weer op Australiese paspoorte verskyn.**

Kyk maar ook wat in Suid-Afrika die afgelope twintig, dertig jaar gebeur het. Toe die Smutsbewind in 1939 oorgeneem het, is alles wat deur genl. Hertzog opgebou is, weer vernietig sodat laasgenoemde aan die aand van sy lewe die volk moes waarsku dat Suid-Afrika se belange keer op keer aan Britse belange onderwerp sal word solank ons nog **„die een of ander soort, of mate,** van nouer vereniging met die Britse Empire" handhaaf en ons behelp met die „parlementêre party" as middel tot bevordering van volkswelvaart.

**Mooi woordjies in wette en amptelike verklarings het geen waarde solank ons deel bly van die Britse masjinerie nie. As die Londense ratte in werking kom, draai al die ratte van die Britse Ryk saam.**

Daar is net een pad, en dit is die wat deur genl. Hertzog kort voor sy dood aangedui is—nadat hierdie groot Afrikaner die weë wat vandag deur Afrikaanse politici bewandel word, self beproef en waardeloos gevind het. **Nouer vereniging met die Britse Empire van „enige soort of mate" is gevaarlik en loop uit op onderhorigheid aan Britse belange. En dit sluit ook in 'n republiek binne die Empire.**

En hiermee, meen ek, het ek ook jou vraag betreffende die Britse Geheime Raad afgehandel, want hierdie instelling het feitlik niks met die wese van die Britse konneksie te doen gehad nie — vandaar dan ook dat selfs die Smuts-party die afskaffing van die appèlreg daarheen ondersteun het.

Moet jou nie blind staar op 'n ondergeskikte sakie soos die burgerskapswet nie, al verdien die regering alle krediet vir die feit dat hulle ons burgerskap darem meer waardevol gemaak het as wat dit was. Die uitlating van dr. Dönges by die indiening van die wetsontwerp op S.A. burgerskap is genoegsame aanduiding dat dit nie so 'n revolusionêre stap is as wat sommige republikeine blykbaar meen nie. Hy het gesê: **„Suid-Afrika is 'n swak sesde in die wedloop vir die burgerskapsplaat wat in die lewe geroep is deur die konferensie van Eerste Ministers in 1946, en die daaropvolgende konferensie van deskundiges in 1947. Kanada het die veld gelei in 1946. Die Verenigde Koninkryk, Nu-Seeland, Australië en Ceylon het gevolg in 1948."**

### SMUTSBELEID

Hierdie uitlating toon dat selfs Brittanje sy eie burgerskapswet ingevoer het, en dat die hele aksie uitgegaan het van 'n konferensie waarop die **Smutsbewind** verteenwoordig was. Dit was dus 'n uitvoering van 'n Smutsbeleid, en dit op sigself spreek boekdele!

Maar die Britse koningskap oor Suid-Afrika bly voortbestaan en sy kop bly nog op ons muntstukke en die Britse vlag bly nog gedeeltelik ook ons vlag. Dit is simbole van ons vryheid, en as sodanig aanstootlik vir ons nasionale trots.

Maar ek stem saam met dr. Malan dat die kroon nie die enigste of selfs die belangrikste konneksie is nie. Dr. Malan het gesê dat die saamhorigheid van die Britse Statebond eerstens bestaan uit **„gemeenskaplike belange"**, en tweedens **„'n gemeenskaplikheid van uitkyk op politieke gebied." „Dit is selfs so in die geval van Indië dat hulle besluit het om hul konstitusie in te rig op die model van die Britse konstitusie en ons s'n hier."**

Dit is die gemeenskaplike politieke uitkyk, gegrond op die Britse parlementêre stelsel, wat die belangrikste politieke band van die Britse Ryk is. Daarom wil ek jou vra om by jou leiers aan te dring om, as hulle uitvoering wil gee aan die Afrikaanse begeerte na vryheid, by hierdie band te begin. **Laat hulle 'n Afrikaanse stelsel invoer om die plek van die Britse parlementêre model in ons land in te neem. Dan sal ons begin Afrikaans dink op politieke gebied, en wat meer is, dan sal ons nie elke vyf of tien jaar 'n party aan bewind hê wat suiwer Brits dink en weer alles ongedaan maak wat 'n nasionale regering tot stand gebring het nie.**

## CALEDON

**Vryheidsdag** word deur die Kommando's van Caledon gevier op

**11 Maart vanaf 4-uur nm.**
**op die plaas van mnr. Koos Viljoen**

**Meulrivier, Caledon**

**Spreker:** Mnr. N. G. S. van der Walt,
Redakteur van „DIE O.B."

**Omliggende Kommando's word ook vriendelik uitgenooi.**

*Positiewe Apartheid*

# SAL NATURELLESTROOM NA STEDE WEGKEER

**Die oprigting van 'n groter verskeidenheid ekonomiese bedrywe in die naturellegebiede sal die groot beweging van naturelle na blanke stede afkeer na hul eie dorpe, veral as daar maar naastenby dieselfde geriewe in sulke dorpe beskikbaar gestel word as in naturellelokasies van die groot stede, verklaar mnr. N. J. J. Olivier in sy referaat oor positiewe apartheid, wat hy onlangs aan die jaarvergadering van Sabra voorgelê het, en waarvan daar 'n opsomming van die eerste deel in ons vorige uitgawe erskyn het.**

**Mnr. Olivier verklaar as volg nadat hy aangetoon het dat die veebesitters in die naturellegebiede 'n klein minderheid vorm:**

Alle pogings sal aangewend moet word om die naturelle te oortuig dat vee in die eerste plek as 'n ekonomiese bate beskou moet word. Afgesien van veevendusies, tentoonstellings e.d.m. moet die grootskaalse aankoop van die oortollige vee deur die Trust oorweeg word. Sulke vee kan op Trustplase vetgevoer word vir beskikbaarstelling óf aan inmaakbedrywe in die naturellegebiede óf aan die vleishandel buite die naturellegebiede. Wat hierdie hele aangeleentheid betref, wens ek my verder te vereenselwig met wat die Sosiale en Ekonomiese Planneraad in par. 219 van sy Verslag sê:

„219. **Ondanks hierdie bewerings en departementele ondervinding en ondanks die feit dat daar ingestem word dat ernstige wanpraktyke belet moet word, voel die Raad egter nog dat daar te veel klem gelê is op die bloot beperkende proses van veevermindering, asof dit die volslae oplossing van reserwe-rehabilitasie is. Beperk vee al te seker, indien nodig, dog slegs indien ander positiewer maatreëls ook aanvaar word.** By enige plan vir veeverbetering moet die feit in gedagte gehou word dat dit slegs deel van 'n skema is om vir 'n beter lewe vir die mense voorsiening te maak. Tot dusver is daar nie veel getrag om sulke positiewe stappe te doen om voorsiening te maak vir alternatiewe geleenthede vir belegging of 'n lewensverdienste, om 'n werklike aansporing te verskaf om verbeterings in te voer en om werklike sekerheid van grondbesit en 'n geleentheid om 'n voltydse bestaan uit die grond te maak, te verskaf vir diegene wat werklik begeer om dit te doen nie."

### (2) VERANDERING IN GRONDBEWERKINGS-METODES

Hoewel 'n betreklike mate van sukses reeds bereik is, sal veel meer en meer ingrypende stappe oorweeg moet word. Dit wil my as buitestaander, egter voorkom asof ten opsigte van hierdie saak dieselfde fout as i.v.m. veebeperking gemaak is: ons soek die steun van die massa, terwyl belanghebbendes by die saak eintlik 'n minderheid is of behoort te wees. Al ons propaganda in hierdie verband gaan uit van die standpunt dat, omdat die naturelle toevallig grondbesitters is, almal van hulle goeie landboumetodes geleer moet word. Die nugtere feit—al sou dit selfs korrek wees om te sê dat individuele afwykinge van die massa selde by die Bantoe voorkom—is dat dit geen goeie beleid is nie om van die standpunt uit te gaan dat alle naturelle goeie landbouers is, net so min as wat dit in ons gemeenskap die geval is. **Vir my kom dit voor asof die eerste stap wat gedoen moet word, is om 'n veel groter verskeidenheid van ekonomiese bedrywighede in die naturellegebiede in te stel,** en dat ons propaganda in verband met beter landboumetodes e.d.m. vrugteloos sal bly, as die landbou per slot van sake nog die enigste ekonomiese bedrywigheid ter beskikking van die naturelle is, want dan verplig dit elke naturel, of hy aanleg daarvoor het of nie, om 'n landbouer te word of te bly.

**Hierdie Sabra-lesing word by O.B.-lede aanbeveel as 'n studiestuk, daar dit die beleidsrigting vertolk waarvoor ook die Ossewabrandwag staan.**

### STROOM NA STEDE

Die instelling van 'n groter verskeidenheid van ekonomiese bedrywighede in en om dorpies soos later voorgestel, sal in die eerste plek daartoe lei dat dié naturelle wat geen grond het nie, feitlik onmiddellik hulle in dié dorpie sal kom vestig, gevolg later deur ander wat geen aanleg of belangstelling vir die boerdery het nie. **Ek is daar oortuig van dat as in hierdie naturelledorpies maar net naastenby dieselfde ekonomiese geleenthede en geriewe beskikbaar gestel as wat in stedelike naturellelokasies aangetref word, die beweging daarheen net so sterk sal wees as die stadwaartse trek van die naturel van die afgelope twintig jaar.** Op hierdie wyse sal 'n sifting tussen landbou- en ander werkers miskien betreklik gou tot stand kan kom, en dit sou selfs moontlik op verskillende wyses verhaas kan word. Die beweging van naturelle na hul eie dorpies in die naturellegebiede sou verder meebring dat ons voorligting i.v.m. beter landboumetodes meer en meer toegespits kan word slegs op diegene wat werklik met die landbou besig is.

Dit behoort duidelik te wees dat die eintlike probleem in die ou naturellegebiede bestaan. Met die nodige toesig en beheer behoort die Trust te voorkom dat in die gebiede wat kragtens die 1936-wetgewing aangekoop word, soortgelyke toestande ontstaan. Daar kan die keuring dus maklik en sonder wrywing plaasvind.

### GEMEENSKAPS-BESIT

In nou verband hiermee staan natuurlik die probleem van grondtoekenning. Die ou tradisionele kommunestelsel van grondbesit van die Bantoe het veel in hom wat werklik mooi en wetenskaplik interessant is; dit wil egter voorkom asof hierdie stelsel, altans in sy tradisionele vorm, beslis in die weg staan van die uitlewing van 'n individuele ondernemingsgees onder die naturelle en die grootskaalse landboukundige ontwikkeling van die naturellegebiede aan bande lê. **Die stelsel van vrye eiendomsreg in Westerse sin sal natuurlik 'n nog groter euwel tot stand bring, maar dit is noodsaaklik dat 'n grondbesitstelsel ingevoer word wat 'n veel groter mate van vryheid—in die verhouding tot sy gemeenskap—aan die individuele grondbesitter sal laat.**

Dit lyk verder ook noodsaaklik dat daar in besondere gevalle heelwat meer grond aan individuele naturelle gegee moet word as die gebruiklike vier of vyf morge. Hoewel 'n mens nie graag die ontstaan van 'n kapitalistiese grondbesittersklas wil aanmoedig nie—ek dink ook nie dat die vrees daarvoor heeltemal geregverdig is nie—moet egter van die standpunt uitgegaan word dat dié naturelle wat spesiale aanleg in hierdie rigting toon, spesiale begunstiging moet ontvang. Dit mag, en sal waarskynlik, 'n naturelle-werkgewersklas tot stand bring, 'n ontwikkeling wat, indien voorsorg teen uitbuiting van die werknemer geneem word, in alle opsigte te verwelkom is.

### SAAMSPAN

Die Bantoe se maatskaplike struktuur is op 'n kommunale grondslag gebou met uitgebreide

(Vervolg op bladsy 5 kolom 4)

# Volksbeweging En Party

**„En langsamerhand het hulle tot die ontwaking gekom dat indien hulle 'n mate van ondersteuning wil verkry, dan is dit baie noodsaaklik dat hulle 'n soort beleid formuleer . . . In die verlede het hulle nooit 'n beleid gehad nie, en nou sou hulle 'n beleid kry wat hulle voor die kiesers van ons land sou lê. Daar is gemeen dat toe hierdie reeks gemeenplase gepubliseer is dat die kiesers na hulle sou toestroom."**

In hierdie ietwat oordrewe stelling van die Minister van Arbeid aan die adres van die Verenigde Party, lê opgesluit 'n kernverskil tussen 'n Volksbeweging en 'n Party.

Enige volksbeweging kom tot stand as uiting van die volk ten opsigte van een of meer behoeftes. **Die behoefte bestaan eers en dan skep die volk vir hom 'n middel, nl. die volksbeweging, om sy behoefte te bevredig.** Dit was byvoorbeeld die geval met die Reddingsdaadbond op ekonomiese en die Ossewabrandwag op politieke gebied.

Heeltemal anders is dit in die geval van 'n party. Die Britse partystelsel eis dat daar minstens twee partye moet wees wat met mekaar oorlog voer oor die regeringskussings as prys. So 'n party begin dan te soek na moontlike behoeftes van die volk wat hy in 'n „program van beginsels" of „beleidsverklaring" aan die volk kan voorhou in die hoop dat die volk „na hom sal toestroom".

**Die volksbeweging kom spontaan op uit die volk met 'n taak deur die volk aan hom opgedra.**

**'n Party daarenteen, bestaan eers los van die volk en dan gaan hy na „die volk daarbuite" met 'n beleidsverklaring in die hoop dat „die volk daarbuite" „na hom sal toestroom".**

# ,Demokrasie' Vir Rooi Spioene 'n Kruiwa

**„Terwyl ek deelgeneem het aan die Sowjet-spioenasiering in Kanada het ek my soms verbaas oor die mate van sukses wat ons agente behaal het deur volle gebruik te maak van die „vryhede" in 'n demokratiese land," skryf Igor Gouzenko in sy onthullende boek in verband met Russiese ondergrondse bedrywighede in Kanada. „Fred Rose, wie se loopbaan as 'n Russiese spioen gefnuik is deur sy derde tronktermyn, is 'n goeie voorbeeld."**

**Die skrywer verklaar dat indien dit nie was dat hy gaan klap het nie, sou Fred Rose in allewaarskynlikheid nog steeds „tussen die wetmakers van Kanada gesit en staatsgeheime aan die Sowjet-Unie verklap het", in plaas van 'n vonnis van ses jaar in die tronk uit te dien.**

**„Die verkiesing van 'n man soos Rose, is tot 'n sekere mate 'n pluimpie vir die demokrasie. Maar dit is vir my onverstaanbaar dat burgers van 'n land soos Kanada so verlei kan word dat hulle so 'n man tot tweekeer toe kan kies as lid van die parlement."**

Fred Rose, wat in Pole gebore is as Fred Rosenberg, het in 1926 Kanadese burgerskap verkry, maar binne drie jaar het hy sekretaris geword van die Jong Kommuniste-verbond, en het in daardie hoedanigheid na Moskou gegaan vir spesiale opleiding. In 1927 het sy deeglike opleiding meegebring dat hy tot die geledere van die Kommunistiese Party van Kanada verwelkom is. In 1929 is hy aangestel as lid van die hoofbestuur van die Kommunistiese Party, en is kort daarna tot 'n maand tronkstraf veroordeel op aanklag van wangedrag.

### RUSLAND ALLES

Met die uitbreek van die oorlog het Rose hom teen die oorlog beywer, **maar sodra Rusland tot die oorlog toegetree het, het hy sy mening dat dit 'n „onregverdige oorlog" is, laat vaar. „Selfs toe sy geboorteland in 1939 binnegeval is, het hy geweier om Kanada se deelname aan die oorlog ter bevryding van Pole goed te keur. Maar toe Rusland binnegeval word, was dit 'n ander saak."**

„Dit het ons verstand te bowe gegaan in die Russiese gesantskap hoe die kiesers ooit 'n man soos Rose in 1943 tot die parlement kon verkies, en hom daarna in 1945 herkies het. **Maar Zabotin (hoof van die spioenasie-organisasie) het hom verheug daarin dat hy een van sy bekwaamste spioene in so 'n strategiese posisie gekry het."**

**Een van die baie geheime dokumente wat deur middel van Fred Rose in Russiese hande geval het, was 'n verslag van 'n geheime sitting van die Kanadese parlement in 1944. As 'n parlementslid was Rose tot hierdie geheime sitting toegelaat!**

Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en Varkmeel




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

MS 4029




Rook
SPRINGBOK
Medium
DIE GELUKKIGE KEUSE

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

Aan mnr. en mev. Fanie Schoeman, Leechstraat, Winburg, 'n fris O.B.-seun op 6 Februarie. Naas die Heer ons hartelike dank aan dokter, suster en verpleegsters.
1/3/1B

### IN MEMORIAM

**Machteld Gertruida Anna Maria Prinsloo.**—Weer 'n jaar is verby. Ons dink terug aan die onvergeetlike dag 1 Maart 1945 toe wreed van ons weggeruk is deur die dood, ons liewe moeder. Die wond bly rou deur die Jare.
**Ben en Esther Prinsloo, Kimberley.**
1/3/1B

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

Vir aflewering einde Maart 12/6 per pond, posvry, K.M.B. of K.B.A. Voorrade beperk, bestel dadelik van **Premiers, Pk. Schoemanshoek, Dist. Oudtshoorn.** 15/2/TK.

**UIESAAD:** Goewerments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroeë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silwer King, Kaapse Strooikleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 1/2/TK.

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig.
21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

Vir alle Radio en ander elektriese herstelwerk, **R. Rascher, Birdstr. 83, Stellenbosch. Foon 1092.**
28/2K

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:—
**M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### PLAAS TE KOOP

**Rustenburg Distrik. Tabak- en koringplaas.** 32 Myl van Rustenburg en 10 myl vanaf Koster. Groot 220 morge. Ongeveer 10 morge onder permanente water. Meer grond kan onder besproeiing gebring word.
Woonhuis 7 vertrekke, nuwe woonhuis onvoltooid. Dubbelverdieping tabakskuur van sink, klaskamer, droogoond, rondawel en hoenderhuis.
Gereelde spoorweg en skool busdienste.
Prys £3,800 waarvan £2,000 op eerste verband teen dieselfde rentekoers as landbank. Skrywe aan: **L. S. Buys, Amajuba, Pk. Charlestown, Natal.**
15/2/3B

### VRUGTEBOME

**Kleinberg Kwekery** bied aan:
Royal Appelkoosbome op Pruimwortel.
Beluda Appelkoosbome op Pruim- en Perskewortel,
D'Agen, Suiker pruimedante op pruimwortel,
Kakamas (Colins) taaipit op perskewotel.
Sterk gesonde bome gewaarborg.
Tree in verbinding, **Bus 16, Pos Breërivier.**
22/2/5B

# So Word Regeer Volgens Britse Model

## Parlementêre Skouspel Skok Dame

**Verlede week het 'n bejaarde dame van die platteland, wat 'n hartstogtelike ondersteuner van een van die partye is, 'n besoek aan die parlement gebring. Dit was 'n paar minute nadat die aandsitting 'n aanvang geneem het. Haar oë het gretig oor die sitplekke hieronder gekam in die hoop om bekende voormanne op hul poste te sien. Voor haar het 'n Minister lankuit op sy bank gelê met sy voete omhoog op die anderkantse arm sonder die minste aandag aan wat om hom aangaan. 'n Rukkie later het hy en 'n ander „agbare lid" 'n harde gesprek met mekaar gevoer — nog steeds in lêende posisie. Van die veertig sitplekke wat haar oog bestryk het, was net sewentien gevul — die res het verlate gestaan. Een van die agterbankers was verdiep in 'n tydskrif. By tye het die onderlinge geselskappe in die uitgedunde garde so luid opgeklink dat die spreker nouliks gehoor kon word. Dit het gegeld vir albei kante van die Huis. Hierdie dame is tien minute later weer daar uit — ontnugter en teleurgestel. Sy het selfs verwag dat al die lede waardig gekleed sou wees!**

„Dis geldmors! Die verslae in die koerante gee heeltemal 'n ander indruk," was haar opmerking.

„Ja, dit is juis hul bedoeling, maar u moet Hansard lees as u presies wil weet wat in die parlement aangaan," het haar metgesel verduidelik.

Hieronder volg nog 'n kykie in die parlement, soos opgeteken in Hansard No. 1 kol. 188:

Die Minister van Arbeid: Laat my kortliks hul rekord as 'n Opposisie behandel. Sedert Mei 1949 was een van hul vernaamste kenmerke hul volkome gebrek aan opbouende beleid. Toe die lede aan die kant van die Raad hulle gevra het wat hul beleid is, het die agb. lid vir Alberton baie verontwaardig gesê: „Waarom moet ons aan julle sê wat ons beleid is?" Maar toe hy verklaar het dat hy geweier het om aan ons land en Raad te vertel wat hul beleid is, het hy vergeet dat daar slegs kort gelede 'n uiters patetiese poging aangewend is om 'n soort beleid vir die Opposisie te formuleer.

Mnr. Barlow: Ons sal ons beleid aan u gee wanneer ons weer aan bewind is.

Mnr. Tighy: Dit is wat Louw altyd gesê het.

Die Minister van Arbeid: Ek sê dat tot Oktober 1949 was hul enigste kenmerk hul volkome gebrek aan 'n opbouende beleid. Agb. lede hoef maar net terug te dink aan die afgelope sitting vån die parlement. Tydens die debat oor finansies, tydens elke ekonomiese debat, het ons hierdie toneel gehad dat 'n elk en 'n ieder lid aan daardie kant van die Raad sy eie beleid verkondig het en gewoonlik was die beleid wat deur hom verkondig is teenstrydig met die beleid wat deur ander lede aan daardie kant van die Raad geskets is.

Mnr. Barlow: Dit toon hoe slim ons is.

Die Minister van Arbeid: Ek stem saam; dit is slegs uiters slim mense wat dit kan doen. Maar gedurende die afgelope agtien maande het hulle in een saak uitgeblink, en dit is in die negatiewe en afbrekende kritiek en hul opponente sleg te sê en te beskinder. Maar, mnr. die Speaker, eindelik het daardie agb. lede besef dat 'n negatiewe beleid en bloot deur hul opponente sleg te sê vir hul baie min ondersteuning gewen het, en langsamerhand het hulle tot die ontwaking gekom dat indien hulle 'n mate van ondersteuning wil verkry, indien hulle van plan was om rond te krap vir ondersteuning, dan is dit baie noodsaaklik dat hulle 'n soort beleid formuleer. Aldus, mnr. die Speaker, het aan die begin van November die wekroep aan al die goeie en getroue uitgegaan dat hulle hul na Pretoria moes haas. Die Leier sou 'n opsienbarende aankondiging doen. Die Leier sou Suid-Afrika en die wêreld van die Verenigde Party se beleid vertel. Dae lank voor daardie belangrike gebeurtenis is ons deur koerante met banieropskrifte onthaal op hierdie groot toespraak wat die groot leier op 9 November sou maak — 'n toespraak van nasionale belang. Hy sou 'n verklaring doen wat Suid-Afrika se nasionalisme tot in sy diepste diepte sou skud, 'n verklaring wat waarskynlik die Regering tot 'n val sou bring. Op 9 November het die goeie en getroue in Pretoria byeengekom om na die Leier te luister. Suid-Afrika, mnr. die Speaker, het met ingehoue adem op daardie verklaring gewag, en nie slegs Suid-Afrika nie, maar die hele wêreld. Per slot van rekening was dit die wêreldstaatsman wat sou praat. Hy sou die nuwe beleid van die Verenigde Party verduidelik. In die verlede het hulle nooit 'n beleid gehad nie en nou sou hulle 'n beleid kry wat hulle voor die kiesers van ons land kan lê. Die leier het op 9 November gepraat. Daardie agtermiddag was al hul nuusblaaie uitverkoop, en die volk van Suid-Afrika het op inligting aangedring. Wat het die groot leier gesê? En toe, mnr. die Speaker, het hulle die toespraak gelees. Hulle het hom gelees, hulle het hom weer gelees en toe nog 'n keer. Hulle het gesê: „Dit kon tog nie die groot leier gewees het wat hierdie toespraak gemaak het nie, 'n reeks gemeenplase, die herhaling van 'n klomp beloftes wat in vorige jare gemaak is en wat nooit ten uitvoer gebring is nie; is dit die groot opsienbarende verklaring wat die groot leier gemaak het? Nou ja, genadiglik het hul koerante dit as 'n herverklaring van hul beleid beskryf. Ek sou baie eerder dit as uiters flou grap (damb squib) beskryf het.

Mnr. Waring: Dit is nie eens snaaks nie.

Die Minister van Arbeid: Dit was die beleid waarvolgens hulle die land sou regeer as en wanneer hulle, indien ooit, weer aan die bewind kom. Dit is waarop die hele beleid van die Verenigde Party neerkom.

Mnr. Barlow: Dit is u doodvonnis.

Die Minister van Arbeid: Dit bevat sewe punte.

Mnr. Barlow: Lees hulle voor.

Die Minister van Arbeid: Daar is gemeen toe hierdie reeks gemeenplase gepubliseer is dat die kiesers na hulle sou toestroom.

Mnr. S. J. M. Steyn: Hulle het.

Die Minister van Arbeid: En hulle sou weer aan bewind kom.

Tot sover Hansard.

**Let op die kenmerkende draalgang van alle toesprake in die parlement. Dit is eie aan die onwerklike atmosfeer van die Huis waar Ministers op hul rug lê en ginnegaap oor wat 'n „opposisie" se beleid is of nie is nie, terwyl 'n moderne wêreld besig is om met 'n gedruis verby te rol. Hierdie kruiwa-regeringstelsel uit die Britse middeleeue moet dien as middel om 'n volk te red in 'n tyd wanneer magtige ryke in die kort bestek van twaalf jaar opkom en verdwyn!**

# ONS VRA U MEDEWERKING

## Versoek aan ons Lesers

**Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!**

**Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.**

**Wie is hulle?**

**Almal wat Republikeine is.**

**Almal wat na ware Volkseenheid strewe.**

**Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.**

**Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.**

**Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?**

**Wat moet u doen?**

**Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.**

**Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.**

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..............................*vir die eerste*..................*maande.*

*NAAM*..................................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*............................................................

...........................................................

...........................................................

...........................................................

...........................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

## EKONOMIESE VOLKSKONGRES

'n Tweede ekonomiese volkskongres sal gedurende Oktober in Bloemfontein gehou word waar onder meer verslag gedoen sal word van die ekonomiese prestasies wat gevolg het op die eerste ekonomiese volkskongres van 1939. Daar sal ook opnuut weer 'n blik in die toekoms gewerp en die nodige besieling gegee word vir verdere stappe op hierdie pad.

## Tafelronde Met Indiërs

Die konferensie tussen Indiër-afgevaardigdes en die Suid-Afrikaanse regering wat voorverlede week in Kaapstad gehou is, het aanbeveel dat daar 'n tafelronde gehou moet word tussen die drie state in verband met die Indiër-vraagstuk in die Unie.

Oor die plek en tyd waarop die samesprekings gevoer moet word, moet nog deur die onderskeie regerings besluit word.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 1 MAART 1950

## OFFISIER, WAT IS U PLIG?

Die pligte van enige offisier kan in drie groepe verdeel word:

Eerstens is sy plig teenoor sy bevelvoerende offisier.

Tweedens teenor sy ondergeskiktes en

Laastens teenoor homself.

Om plig teenoor 'n hoër offisier te verstaan moet u altyd onthou: Die lojaliteit, respek en gehoorsaamheid wat ek teenoor hom betoon, betoon ek nie aan sy persoon nie, maar wel aan sy rang. Ek gehoorsaam hom nie omdat ek van hom hou nie, maar omdat sy hoër rang my genoodsaak om hierdie houding in te neem.


Gestel byvoorbeeld dat u hoër offisier u 'n bevel gee en omdat u dit uitgevoer het, word ons saak benadeel. Is u strafbaar? Nee, u het u plig gedoen, maar daardie hoër offisier sal vir sy verantwoordelikheid moet boet. Het u egter geweier om daardie of enige bevel uit te voer, dan was u 'n muiter in die leër van die Boerevolk en as sulks strafbaar onder die kode van dissipline van die Boerejeug.

Beskerm u offisiere teenor u ondergeskiktes sowel as teenoor u kollegas. Indien u hoor dat 'n offisier ondermynend gekritiseer word, is dit u plig om hulle te berispe of die saak by hoër gesag aan te kla. Versuim u dit, is u ook aandadig en as sodanig strafbaar.

Wees altyd lojaal. Dikwels ontvang u 'n bevel waarmee u persoonlik nie saamstem nie. Indien u nou daardie bevel op halfhartige wyse gaan oordra of met 'n glimlag of 'n gebaar te kenne gee dat wat u nouwel van so 'n bevel dink, dan is u nie lojaal teenoor u offisier en teenoor u beweging, waarvan u 'n ampsdraer is, nie. Dit is nie vir u om te oordeel of die bevel reg of verkeerd is nie. Dra dit so oor dat dit by u juniors nie die minste twyfel laat of dit uitgevoer moet word of nie.

Onthou altyd dat die Afrikanervolk sy knegskap aan dwarstrekkery, skinderpraatjies en dislojaliteit te wyte het. Ons, die jeug, moet daardie kanker uit ons volksiel roei!

## Ons Blokkiesraaisel



**AF:**

1 Deel van 'n masjien.
2 Niks.
3 'n Voorgevoel.
4 Amper, maar nog nie die tiende nie.
5 Die geraamte is daaruit opgebou.
6 Wat die O.B. vir Staatsamptenare was.
7 Die Stille . . . . (deur H. A. Fagan).
9 Orige.
11 Noodsaaklik vir visvang.
12 Kies . . . .
13 Ons Jeugleier.
14 Offisiersrang.
15 Soort vye.
16 Lid van Godsdienstige sekte.
19 Gelyke.
20 Ons sit dit aan pakkies en koffers.
23 Sintuie.
25 'n Spinnekop met minstens 8.
26 Nie dieselfde nie.
29 Hy vorm bome na sy wil.
33 Van geslag tot geslag (omgekeerd).
35 Baie mense.
37 Oud.
39 Elsabe . . . .
40 Volksverhuising.
43 Tydperk.
44 Honderd jaar.
46 Geduldig.

**DWARS:**

1 Offisierskenteken.
8 Vir hoë offisiere word dit opgestel.
10 Filologie.
12 Verhoed.
13 Ons K.G.
15 Asseblief.
17 Neem aan.
18 Ons Volkshelde kom dit toe.
19 Gelofte (meervoud).
21 (aan)spoor.
22 Stil van geaardheid.
24 Insek.
26 'n Kunstenaar—hy is die persoon van wie die gedagte uitgegaan het om die Boerejeug te stig.
27 Ras, bekend vir sy humorsin.
28 'n Jaar word daarin opgedeel.
30 Wyse waarop honde hulle sere dokter.
31 Mes.
32 Helder of . . . .
34 Volop in koue streke.
36 Speelding.
38 Eienaardige.
41 Die byvoeglike naamwoord van 27.
42 Hulle tuiste is Rusland.
45 Ons noem hulle „die skepe van die Woestyn."
47 Uitstof.

Antw. verskyn in aanstaande week se uitgawe. Laat ons weet hoeveel julle reggekry het.

## Verlore Goedere

Onderstaande goedere het verlore geraak op die Monumentlaertrek. Indien enige persoon inligting daaromtrent kan verskaf, sal ons dit op prys stel as hy/sy onmiddellik met Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad, in verbinding sal tree.

1 Grys romp met 'n ritsluiter en 'n vaal knopie.

1 Wit bloese met groen strepies en knopies. Daar is ook 'n sakkie op die regterkant van die bloese.

1 Rol beddegoed, gemerk mej. R. Kilian, Glenhurstweg, Tiervlei, **OF** mej. R. Kilian, Kaapstad. Die kombers buite-om is vaalkleurig en binne tussen die komberse was ook 'n paar damesskoene.

Ook het daar blykbaar fout gekom by die kookpotte. Boerejeug-dépôt, Gebied A, het 10 potte na die laertrek gestuur en het maar nege daarvan weer terugontvang. Twee van hierdie nege potte moes egter Transvaal-toe gegaan het. Boerejeug-dépôt makeer dus DRIE potte. Sal die afdelings wat potte saamgebring het tog asseblief net nagaan of hierdie potte nie by hulle is nie?

Indien daar enigiemand is wat nog goed verloor het, laat ons tog asseblief dadelik weet, sodat ons die verlore-goed-sakie so gou as moontlik kan afhandel.

## VERJAARDAG-KETTING

**MAART**

2 Francis du Toit, Loxton.
Johanna Marais, Loxton.
Helena Nieuwoudt, Vryburg.
Maria Erasmus, Cullinan, Tvl.
Nico Bonthuys, Bloemfontein.

3 Johan Kirsten, Wellington.
Elaine van der Spuy, Paarl.
Adelina de Freitas, Wolhuter, Johannesburg.
Johannes Smit, Bosbokrand, Tvl.
Jacobus Bezuidenhout, Pretoria.

4 Sarie Roos, Wellington.
Aletta Erasmus, Boshoek, Tvl.
Susanna Koen, Frankfort.

5 Michiel Luttig, Paarl.
Willem Laubscher, Stellenbosch.
Maria le Roux, Frankfort.

6 Elmine Roux, Paarl.
Helena Snyman, Kwaggafontein, Tvl.

7 Jan Vorster, Loxton.

8 Kosie Siebrits, Franschhoek.
Lettie Welthagen, Mooinooi, Tvl.

## PRETORIA VIER VRYHEIDSDAG

**Pretoria se Ossewabrandwag vier Vryheidsdag op Saterdag, 4 Maart, te Klipkoppies. Adv. John Vorster sal optree as die hoofspreker. Verversings sal aangebied word, en almal is welkom.**

## O.B.-Voorspelling Bevestig

**„Wanneer die Verenigde Party weer aan bewind kom, sal hy 'n groot hoeveelheid reorganisasie- en opruimingswerk te verrig hê", het mnr. F. C. Sturrock verlede week gedreig in 'n toespraak oor die uittrede van mnr. Marshall Clark as hoofbestuurder van die Spoorweë.**

**Hierdie uitlating of dreigement dui aan dat Die O.B. se voorspelling dat die partypolitiek die terrein van die staatsdiens nou ook verower het, heeltemal gegrond blyk te wees.** Op 1 Februarie het Die O.B. na aanleiding van die ondersoekkommissie insake diskriminasie teen spoorwegamptenare onder meer geskryf:

„Maar dit moet vir elkeen duidelik wees dat die politieke partye in die toekoms elk 'n beskermende hand sal hou oor 'n deel van die staatsdienspersoneel. Met ander woorde, ons gaan nou die invoering van die buitstelsel tegemoet waar elke party ná sy bewindsaanvaarding 'n suiwering van die staatsdiens sal deurvoer. Diskriminasie binne die staatsdiens het, danksy die Smutsbewind se oorlogsywer, gekom om te woon.

**„Net soos die Indiërs vir 'n paar jaar die stemreg sal kan geniet totdat die opposisieparty weer bo kom, of die skoolkinders vir 'n paar jaar die ongemak moet verduur om in 'n vreemde taal onderrig te word totdat die opposisie weer bo kom, so sal ook die wel en wee van staatsamptenare eerlang onderhewig wees aan die gereelde eb en vloed van die partypolitiek."**

**Mnr. Sturrock het hierdie voorspelling nou bevestig.**

## Positiewe Apartheid

(Vervolg van bladsy 3 kolom 3)

begrippe van mede-aanspreeklikheid, mede-verantwoordelikheid en mededeelsaamheid. Hierdie kommune-begrip is reeds meermale al deur die administrasie en wetgewer as hulpmiddel ingeroep—dink bv. aan die ou „Spoor Law" i.v.m. veediefstal. **Dit lyk aangewese dat op hierdie grondslag positief voortgebou word; en dat sover moontlik, naturelle nie alleen op gemeenskapsbasis ingespan word in arbeidsbedrywighede wat op hulle voordeel gerig is nie, maar ook gemeenskapsaanspreeklikheid aanvaar vir vernietiging of sabotasie van reeds totstandgekome herwinnings- en ander werke.**

Dit help natuurlik nie om met pragtige papierskemas na die naturelle te kom en hul samewerking te verkry nie, en dan na te laat om die skemas uit te voer of die samewerking te benut nie. Ek kan my nouliks 'n meer agterstevoor-manier van doen voorstel as dat daar naarstige pogings aangewend sou word om die samewerking van die naturelle te verkry bv. om 'n lokasie as veeverbeteringsgebied geproklameer te kry, en dat, nadat die toestemming verkry is, vir die volgende tien of vyftien jaar totaal niks aan die saak gedoen word nie. Sodanige optrede sal tot gevolg hê dat ook die bietjie inisiatief wat daardeur aan naturellekant aan die dag gelê word, gesmoor word. Dit is natuurlik essensieel dat daar genoeg amptenare en geld beskikbaar moet wees om die planne ten uitvoer te bring.

### OPVOEDING

Die betreklike geringe mate van sukses wat ons totdusver met ons voorligting bereik het, laat die vermoede ontstaan dat ons nog nie weet hoe om tot die naturel se gees te spreek nie. Verdere navorsing in hierdie verband lyk noodsaaklik. Dit word algemeen besef watter geweldige hulpmiddel die onderwys in die ontwikkeling en beskawing van 'n gemeenskap is.

Hierdie middel moet in sy volste omvang ten opsigte van die naturellebevolking aangewend word. Die inhoud van die naturelle-onderwys sal natuurlik ingrypend verander moet word om aan te pas by die eise wat die maatskaplike en ekonomiese lewe sal stel.

(Word vervolg).


**Vir ál hierdie—**

U huis—





—U Meubels

U Kar—



Beskerm uself teen skade en verlies, deur —

**'n SANTAM-Polis**

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-5a



# NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

## Ander Se Menings

# Ruime Vergoeding Vir Slagoffer Van Politiek

**Die bedanking van mnr. Marshall Clark as hoofbestuurder van die Spoorweë staan gelyk aan 'n ontslag, hoewel die slag versag is deur die regering se uiters verbasende gulhartigheid, het mnr. F. C. Sturrock, voormalige Minister van Spoorweë, in die parlement gesê.**

„Die regering het homself verplig tot die betaling van 'n pensioen van £2,360; die bydrae tot pensioenfondse van £3,960; die betaling van 'n kompensasie-uitkering van £4,085 en 'n gebeurlike aanspreeklikheid vir £30,000 indien mnr. Clark se aanstelling as sekretaris-generaal van die organisasie vir vervoer in Suid- en Midde-Afrika nie tien jaar lank duur nie.

„Indien hierdie aanspreeklikhede bereken word teen 3½% samegestelde rente, sal hul gesamentlike waarde oor tien jaar op £28,209 te staan kom ten opsigte van pensioen, £4,733 ten opsigte van bydrae tot die pensioenfonds, en £35,859 as vergoeding—'n totaal van £68,801, waarby nog getel moet word £4,085 vir agterstallige verlof, wat die staat se aanspreeklikheid altesaam op £72,886 te staan bring."

### NASIONAAL?

**Toe hy (mnr. Sturrock) mnr. Clark meegedeel het dat die kabinet besluit het om hom as hoofbestuurder aan te stel, was sy verrassende antwoord, „ek wil hê u moet weet dat ek nie 'n ondersteuner van die Verenigde Party is nie." Mnr. Sturrock het gesê dat mnr. Clark geen partypolitieke neigings gehad het nie, maar volgens sy mening het sy simpatie aan die kant van die Nasionale Party gelê.**

Die rede vir mnr. Clark se ontslag kon nie gewees het dat die Minister en hy nie kon klaarkom nie, want hulle is reeds sedert hul studentejare ou vriende, en die Minister sal ook nie kan sê dat hy £72,000 betaal net om die organisasie vir vervoer van 'n sekretaris te voorsien nie. Daar moet 'n ander rede wees.

## Slagoffer

Na aanleiding van mnr. Sturrock se kritiek, skryf Die Burger: „Die Regering het nóg woorde nóg geld gespaar om mnr. Clark se uittrede so maklik moontlik te maak, want die gewese hoofbestuurder van die Spoorweë dra self nie skuld vir al die dinge wat daartoe gelei het dat sowel die Eerste Minister as die Minister van Vervoer by hom aangedring het om sy nuwe betrekking te aanvaar nie. **Mnr. Clark het geword die slagoffer van mnr. Sturrock en van al die nare dinge wat hierdie oudminister van Spoorweë in die oorlogstyd in die Spoorweë toegelaat en aangemoedig het."**

# CHRISTELIKE AARD VAN UNIVERSITEIT IN GEDRANG

**'n Wetsontwerp wat die Potchefstroomse Universiteitskollege tot 'n selfstandige universiteit verklaar, is verlede week deur sy tweede lesing in die volksraad.** Dr. Jan Steyn, L.V. vir Potchefstroom, en mnr. T. B. Bowker, L.V. vir Albanie, het die maatreël onderskeidelik ingedien en gesekondeer. Laasgenoemde het veral met groot lof van die inrigting gepraat en gesê dat sy groei van 15 dosente in 1921 tot 'n doserende personeel van 69 en 866 studente vandag, 'n rekord is.

**Die betekenis van die wetsontwerp lê veral in die feit dat hierdie inrigting op Christelik-nasionale grondslag staan en ten einde sy Christelike karakter te handhaaf, moes by die „Gewetensklousule" van die Hoër Onderwyswet verbygekom word.** Dit word probeer deur die invoeging van 'n klousule wat bepaal dat hoewel niemand aan 'n kerklike toets onderwerp sal word nie, die Christelike historiese karakter van die universiteit deur die raad gehandhaaf sal word.

Veral twee lede — mnre. Sam Kahn en Abraham Jonker het beswaar teen die klousule gemaak omdat dit dan diskriminerend teen Jode en ander gelowe sal wees.

**Die „Gewetensklousule" in die Onderwyswet is indertyd ingevoeg op aandrang van twee Londense Jode, Beit en Wernher, en is bedoel om ons hoër onderwys „kleurloos" te maak wat die Christelike godsdiens betref.**

## Segregasie of Apartheid?

**Die mening dat die woord „apartheid" nie dieselfde draagkrag het as „segregasie" nie, maar eintlik net 'n politieke kreet is, word uitgespreek in Ons Kleintjie, 'n maandblad vir ouers en onderwysers wat so pas die lig gesien het.** Die skrywer van die betrokke artikel, adv. S. J. van der Walt, verklaar: „Die uitdrukking ‚segregasie' het deesdae 'n herdoping ondergaan. Mens verneem nou meer die woord apartheid. Dit gee uitdrukking aan 'n politieke leerstelling. Voorheen het die benaming ‚segregasie' feitlik spreekwoordelik geword, en die bevolking het aan die begrip wat dit vertolk gewoond geraak. **Daar het geen teenkanting van selfs die ‚Michael Scots' gekom nie, aangesien hulle ook dit tot 'n sekere mate erken het op die meeste terreine van die lewe.** Sonder 'n ‚politieke wedergeboorte' vind daar 'n wederdoping plaas en wel op so 'n wyse dat die dopeling voortaan bykans onbekend is. Tog bly die woord segregasie nog die mees doeltreffende benaming. Omrede die gewone stemgeregtigde hierdie ‚kompleksword' nie met die eerste oogopslag verstaan en begryp nie, moes daar vir politieke inslag 'n ander beter begrypbare uitdrukking ontdek word. Om hierdie rede moes dieselfde begrip by sy tweede naam genoem word nl. ‚apartheid'."

Waar die woord „segregasie" ook in die staatsfilosofie burgerreg ontvang het, het ‚apartheid' slegs 'n plat alledaagse betekenis wat vir die wysgeer niksseggend is. **„Dit is meer 'n kreet as 'n begrip, om nie eens te praat van 'n filosofie nie."**

## Nasionale Konvensie Oor Kleur

**„Die vraag wat deesdae in 'n toenemende mate by die publiek begin posvat, is wat die partye en hul leiers prakties gaan doen om uiting te gee aan die algemene strewe dat die naturellevraagstuk in al sy implikasies uit die politieke terrein geneem word," verklaar Die Suiderstem in 'n hoofartikel.**

„Ons het reeds vroeër daarop gewys dat daar vandag by die verantwoordelike leiers 'n begeerte bestaan om die kleurvraagstuk uit die politiek te haal sodat dit blywend opgelos kan word. Sowel genl. Smuts as mnr. Havenga het 'n maand gelede uiting daaraan gegee tydens die wantroue-debat in die volksraad, en mnr. Mushet het reeds vroeër voorgestel dat die naturellevraagstuk na 'n nasionale konvensie verwys word. Gister het sowel genl. Smuts as dr. Malan asook dr. Colin Steyn, mnr. Marais Steyn en ander weer die belangrikheid beklemtoon dat die blankedom in hierdie toestand moet saamstaan. Die vraag is egter of dit nie maar weer soos soveel keer in die verlede by blote woorde sal bly nie. Wat die publiek verlang is dat die Regering daardie strewe na eenheid en daardie gevoel dat die naturellevraagstuk uit die politieke terrein gehaal word, in praktiese dade omsit. Hoe dit gedoen moet word, laat ons by die verantwoordelike leiers."

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

**Ierse weg nie? Die O.B. kon geen steun buite eie kring vind vir sy weg nie. Ons staan egter gereed om ons steun te gee vir die Ierse weg en enige ander weg wat tot die Republiek sal lei.**

**Die wyse waarop daar teenswoordig met die republikeinse gevoel van die volk gespeel word kan alleen die nadeligste gevolge hê.**

### STEEDS ONDUIDELIKER

Hoe meer die Anglo-Boereoorlog en die 1914-rebellie iets van die verlede word hoe onduideliker word die beeld van die republiek in die oë van die latere geslagte. En ons moet nie die gevaar loop dat ons 20ste eeuse Afrikanerdom naderhand begin glo dat die republiek slegs iets is om die volksgevoel mee te prikkel en nie iets werkliks is nie — iets wat die Afrikaner eie is nie.

Dis tyd dat ons volk wakker geskud word. 'n Saak wat so belangrik is vir jou voortbestaan en vir jou volle ontplooiing durf jy nie laat links lê omdat die geleentheid jou nie pas nie. **Vir so 'n saak is die eerste dag die beste dag. Durf dit dadelik aan.**

### ONS REDES

Die O.B. eis die Republiek (a) omdat dit pas by die Afrikanervolksaard. **Alleen onder die omstandighede wat deur 'n republiek geskep kan word, sal ons volk in staat wees om ten volle te ontplooi en behoorlik sy plek in Afrika in te neem.** Alvorens ons 'n selfstandige republiek is, sal ons nie die rol in Afrika kan speel waartoe die Voorsienigheid ons geroep het nie. Dieselfde geld vir die rol wat ons in die wyer wêreld daarbuite moet speel. Vandag speel ons dit as 'n aanhangsel van die Britse Empire. Ons lewer nie 'n onafhanklike en suiwer Suid-Afrikaanse bydrae nie. Ons prestasies word nie na waarde geskat nie. Ons groei word belemmer.

**(b) 'n Republiek is ons sterkste band van eenheid.** Hier het ons die pragtigste ideaal waardeur ons volk saamgesnoer kan word — Afrikaner met Afrikaner. Maar meer dan dit, dit bied die geleentheid vir die daarstelling van 'n kringloop van omstandighede waardeur Brit en Boer in S.A. saamgesnoer kan word. **Alleen deur 'n onafhanklike republiek sal die twee groot blanke seksies in S.A. 'n nasionale eenheid word, sal die verdagmakery ophou, sal die uitbuiting van ons land se belange stopgesit kan word.** En as ek gesê het dat die jonger geslagte van Afrikaners ál verder wegkom van 1899—1902 af, dan wil ek aan die ander kant ook sê dat ons Engelse mede-Afrikaners vandag reeds baie ver weg staan van Lord Charles Somerset se dae en van die 1820 Settlers. **Die dag het reeds gedaag waarop hulle te vinde is vir 'n Republiek.**

### PRAKTIESE POLITIEK

Die tyd het aangebreek om van die Republiek praktiese volkspolitiek te maak. In dié gees verwelkom ons die onlangse uitlatings van beide min. Strydom en dr. Malan.

In 1941 het ons almal saam die republiek wou hê. **Ons het selfs ooreengestem oor die vorm wat dit moes aanneem.** Ons het dit gepubliseer in die gewraakte bevel 1: 41. Dr. Malan het dit in 1942 ook gepubliseer. Dit was juis oor die republiek wat dr. Malan met ons gebreek het, omdat ons daardeur kwansuis op die gebied van die H.N.P. sou getree het. Soos die jare verby gegaan het, het ons al hoe minder van die republiek gehoor. Selfs Indië het ons in dié opsig verby gestreef en het vandag 'n republiek al is dit ook binne die Britse Ryk.

Hierdie stukkie onaangename geskiedenis lyk vandag tog so belaglik in die lig van latere gebeure. Maar dit verander nie die taak van die O.B. nie. Ons staan in die republikeinse stryd. Ons kan nie anders nie. Dit is ons roeping. Dit is ons plig.

**Terselfdertyd weet ons dat duisende mede-Afrikaners dieselfde aspirasies vir ons volk het en as die Republikeinse vaandel die middel tot eenwording van die nuwe S.A. kan word, wil ons by herhaling die versekering gee dat die samewerking van die O.B. nie agterweë gehou sal word nie.**

**Dis seker nie nodig om te beklemtoon dat waar die O.B. van 'n Republiek praat ons véél meer in gedagte het dan slegs om die Goewerneur-generaal te vervang met 'n President. Ons dink wel aan 'n President deur die volk gekies maar meer terselfdertyd ook aan 'n gans ander stelsel van regering as wat ons vandag het. Ons neem aan dat die Eerste Minister self ook nie aan iets anders dink as die regeringsvorm wat hy in 1942 gepubliseer het nie.**

# BRITSE WIEL VOLTOOI DRAAI BINNE 5 JAAR

**Die onverbiddelikheid van die draai van die parlementêre wiel met sy twee pole, regering en opposisie (of „alternatiewe regering"), is verlede week weereens aan die wêreld getoon toe die Arbeidsregering met behulp van 'n vervroegde verkiesing nouliks daarin kon slaag om 'n nederlaag na bietjie meer as vier jaar se bewindvoering te vermy. Die party van Attlee het naamlik ingekom met die skrale meerderheid van vergeleke met sy reuse-meerderheid van 186 in Julie 1945, toe hierdie party nagenoeg 'n tweederde-meerderheid in die laerhuis behaal het.**

**Die posisie van die nuwe regering is so haglik dat daar verwag word dat hy nie langer as 'n paar maande sal staan nie. Dan sal die Britse kiesers voor 'n nuwe keuse gestel word, wat in alle waarskynlikheid ten gunste van Churchill se Konserwatiewe Party beslis sal word.**

Normaalweg sou die verkiesing eers laat in Julie moes plaasvind, maar die regering het so vinnig steun in die jongste tyd verloor, dat Attlee die parlement ses maande voor die tyd moes ontbind in die hoop dat hy weer aan bewind gestel sou word voordat die stroom teen hom te sterk geword het. **Daar bestaan geen twyfel nie dat indien hy die volle vyf jaar gewag het, hy 'n swaar nederlaag sou gely het. Inderdaad beteken die uitslag van verlede week se verkiesing dus dat die Britse volk vir vyf jaar opgesaal kan sit met 'n regering wat hy oor ses maande sou verwerp het. Dit word glo ook in parlementêre kringe as „demokraties" beskou, ewe as die koukus-diktatuur waar „volksverteenwoordigers" aangesê word hoe om te praat en te stem.**

### GEEN KOMMUNISTE

Een van die interessante feite van die verkiesing is dat die Kommuniste 'n totale nederlaag gely het in sover geen enkele lid die paal gehaal het nie, en ongeveer sestig hul deposito's van £150 elk verbeur het. Selfs die vyf rooierige Arbeiderslede wat 'n tyd gelede deur Attlee uit die partykoukus geskop is, is verslaan.

'n Ander interessante feit is dat as gevolg van die kop-aan-kop-uitslag albei partye voortdurend in volle sterkte in die parlementshuis sal wees waar daar nie vir almal plek is nie. **Die nuwe gebou wat eersdaags in gebruik geneem sal word, het net plek vir 437 van die 625 parlementslede. Byna tweehonderd lede sal dus nou soos oortollige dipvee voor die hek vasgekeer word om, wanneer die oproep kom, te gaan stem vir hul party. 'n Uitweg sal waarskynlik gevind word daarin dat die partye voortdurend elk 'n honderd lede by wyse van „afparing" op verlof sal hou.** Die afparingstelsel is 'n soort „gentleman's agreement" tussen die partye wat daarop neerkom dat as 'n lid van een party noodsaaklik afwesig moet wees, die ander party ook 'n lid buite aksie stel deur hom òf verlof te gee òf te verbied om aan 'n stemming deel te neem — 'n praktyk wat ook in die Unie-parlement bestaan en dit dus onmoontlik maak vir 'n opposisie om die regering onverhoeds te verslaan.